Revisions to accounting estimates are recognised in the period in which the estimate is revised if the revision affects only that period, or in the period of the revision and future periods if the revision affects both current and future periods. Judgements made by management that have a significant effect on the financial statements and estimates with a significant risk of material adjustment in the next year are discussed in Note 2.3. The accounting policies set out below have been applied consistently to all periods presented in these financial statements.

(c) Basis of consolidation

Subsidiaries

Subsidiaries are entities controlled by the Company. Control exists when the Company has the power, directly or indirectly, to govern the financial and operating policies of an entity so as to obtain benefits from its activities. In assessing control, potential voting rights that are presently exercisable or convertible are taken into account. The financial statements of subsidiaries are included in the consolidated financial statements from the date on which control commences until the date that control ceases. Investments in subsidiaries are accounted for at cost by the investing company.

A change in the ownership interest of a subsidiary without a change in control is accounted for as an equity transaction.

1 Korporatiewe inligting

Clover Industries Bpk (die "Maatskappy") is 'n maatskappy geïnkorporeer en gevestig in Suid-Afrika. Die gekonsolideerde finansiële state van die Groep vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 sluit die Maatskappy en sy filiale in (saam word daar na die "Groep" verwys) en die Groep se belange in gesamentlike beheerde entiteite. Die Maatskappe in die Groep se jaareindes stem ooreen.

Die gekonsolideerde finansiële state van Clover Industries Bpk vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 is deur die Direkteure goedgekeur in terme van 'n resoluëie op 7 September 2011.

Die Groep se bedrywighede en hoof-aktiwiteite word in die Direkteursverslag uiteengesit.

2 Rekeningkundige basis

2.1 Basis van voorbereiding

(a) Verklaring van nakoming

Die finansiële state is opgestel ooreenkomstig "International Financial Reporting Standards" en die vertolking daarvan deur die "International Accounting Standards Board".

(b) Voorbereiding

Die gekonsolideerde finansiële state word in rande aangebied, afgerond tot die naaste duisend. Die state is opgestel op die historiese kostebasis, tensy anders aangetoon. Die drawaarde van die erkende laste wat in instrumente met 'n billike waarde verskans is en andersins teen kosprys gedra word, word aangepas om veranderinge in die billike waarde van die risiko's wat verskans word aan te teken. Die voorbereiding van finansiële state in ooreenstemming met IFRS vereis dat die Bestuur waardebepalings, ramings en aannames moet maak wat die toepassing van beleid en die aangeduide waardes van bates en laste en inkomste en uitgawes raak. Die ramings en verwante aannames is gegrond op ervaring en verskeie ander faktore wat in die omstandighede as redelik beskou kan word en die resultate vorm die basis van die menings oor die drawaardes van bates en laste wat nie gereedelik uit ander bronne blyk nie. Werklike waardes mag van hierdie ramings verskil. Die ramings en onderliggende aannames word voortdurend hersien.

Hersienings van rekeningkundige ramings word erken in die tydperk waarin die raming hersien word indien die hersiening slegs daardie tydperk raak, of in die tydperk van hersiening en daaropvolgende tydperke as die hersiening huidige sowel as toekomstige tydperke raak. Waardebepalings deur Bestuur wat 'n beduidende uitwerking op die finansiële state en ramings het en 'n beduidende risiko van wesenlike aanpassing in die volgende jaar inhou, word in Aantekening 2.3 bespreek. Die rekeningkundige beleid hieronder omskryf is konsekwent op alle periodes in hierdie finansiële state toegepas.

(c) Basis van konsolidasie

Filiale

Filiale is entiteite wat deur die Maatskappy beheer word. Beheer bestaan waar die Maatskappy die mag het om die finansiële- en bedryfsbeleid van 'n entiteit regstreeks of onregstreeks te bestuur om voordeel uit sy aktiwiteite te verkry. By die bepaling van beheer word potensieële stemreg wat tans uitoefenbaar of omskepbaar is, in ag geneem. Filiale se finansiële state word in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit vanaf die datum waarop beheer begin tot die datum waarop beheer eindig. Beleggings in filiale word teen kosprys gedra deur die maatskappy wat die beleggings maak.

'n Verandering in die eienaarskap-belang van 'n filiaal sonder die verandering van beheer word as 'n ekwiteitstransaksie te boek gestel.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

Losses are attributed to the non-controlling interest even if that results in a deficit balance.

If the Group loses control over a subsidiary, it:

- Derecognises the assets (including goodwill) and liabilities of the subsidiary
- Derecognises the carrying amount of any non-controlling interest
- Derecognises the cumulative translation differences recorded in equity
- Recognises the fair value of the consideration received
- Recognises the fair value of any investment retained
- Recognises any surplus or deficit in profit or loss
- Reclassifies the parent's share of components previously recognised in other comprehensive income to profit or loss.

Joint ventures

Joint ventures are those entities over whose activities the Company has joint control, established by contractual agreement. The consolidated financial statements include the Group's proportionate share of the entities' assets, liabilities, revenue and expenses with items of a similar nature on a line-by-line basis, from the date on which joint control commences until the date that joint control ceases. Financial statements of the joint ventures are prepared for the same reporting period as the parent company.

Upon loss of joint control and provided the former joint control entity does not become a subsidiary or associate, the Group measures and recognises its remaining investment at its fair value. Any difference between the carrying amount of the former joint controlled entity upon loss of joint control and the fair value of the remaining investment and proceeds from disposal are recognised in profit or loss. When the remaining investment constitutes significant influence, it is accounted for as investment in an associate.

From the date when a jointly controlled entity becomes an associate of the Group, the Group accounts for its interest in accordance with IAS 28. On the loss of joint control, the Group shall measure at fair value any investment the Group retains in the former jointly controlled entity through profit or loss.

Transactions eliminated on consolidation

Intra-group balances and unrealised gains and losses or income and expenses arising from intra-group transactions are eliminated in preparing the consolidated financial statements. Unrealised gains arising from transactions with jointly controlled entities are eliminated to the extent of the Group's interest in the entity. Unrealised losses are eliminated in the same way as unrealised gains, but only to the extent that there is no evidence of impairment.

Non-controlling interest

Non-controlling interest represents the portion of profit or loss and the net assets not held by the Group and are presented separately in the statement of comprehensive income and within equity in the consolidated statement of financial position, separately from parent shareholders' equity.

Verliese word toegeskryf aan die nie-beherende belang selfs al lei dit tot 'n negatiewe saldo.

As die Groep beheer verloor oor 'n filiaal, dan doen hy die volgende:

- Ontkerken die bates (insluitend klandisiewaarde) en laste van die filiaal
- Ontkerken die drabedrag van enige nie-beherende belang
- Ontkerken die kumulatiewe omskakelingsverskille wat in ekwiteit aangeteken word
- Erken die billike waarde van die vergoeding ontvang
- Erken die billike waarde van enige belegging behou
- Erken enige surplus of tekort in wins of verlies
- Herklassifiseer die houermaatskappy se aandeel van komponente wat voorheen in ander omvattende inkomste erken is na wins of verlies.

Gesamentlike ondernemings

Gesamentlike ondernemings is daardie entiteite oor wie se aktiwiteite die Maatskappy gesamentlike beheer uitoefen soos per kontraktuele ooreenkoms bepaal. Die gekonsolideerde finansiële state sluit die Groep se proporsionele gedeelte van die entiteite se bates, laste, inkomste en uitgawes in, met soortgelyke items op 'n lyn-vir-lyn-basis, vanaf die datum waarop gesamentlike beheer begin tot die datum waarop gesamentlike beheer eindig. Finansiële state van die gesamentlike ondernemings word voorberei vir dieselfde verslagdoeningstydperk as die houermaatskappy.

Met die verlies van gesamentlike beheer en mits die voormalige gesamentlik beheerde entiteit nie 'n filiaal of geassosieerde word nie, meet en erken die Groep sy oorblywende belegging teen sy billike waarde. Enige verskil tussen die drabedrag van die voormalige gesamentlik beheerde entiteit tydens die verlies van gesamentlike beheer en die billike waarde van die oorblywende belegging en die opbrengs uit die verkoop word in wins of verlies erken. Wanneer die oorblywende belegging beduidende invloed uitoefen, word dit as 'n belegging in 'n geassosieerde te boek gestel.

Vanaf die datum waarop 'n gesamentlik beheerde entiteit 'n geassosieerde van die Groep word, stel die Groep sy belang in ooreenstemming met IAS 28 te boek. Met die verlies van gesamentlike beheer sal die Groep enige belegging wat die Groep in die voorheen gesamentlik beheerde entiteit hou, meet teen billike waarde deur wins of verlies.

Transaksies met konsolidasie uitgeskakel

Intergroepsaldo's, enige ongerealiseerde winste en verliese of inkomste en uitgawes uit intergroeptransaksies word by die voorbereiding van die gekonsolideerde finansiële state uitgeskakel. Ongerealiseerde winste wat ontstaan uit transaksies met gesamentlik beheerde entiteite word uitgeskakel tot die mate van die Groep se belang in die entiteit. Ongerealiseerde verliese word op dieselfde wyse as ongerealiseerde winste uitgeskakel, maar slegs tot die mate dat daar geen bewys van waardedaling is nie.

Nie-beherende belang

Nie-beherende belang verteenwoordig die gedeelte van die wins of verlies en die netto bates wat nie deur die Groep gehou word nie en word afsonderlik in die staat van omvattende inkomste en as deel van ekwiteit in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie aangetoon, afsonderlik van die houermaatskappy se aandeelhouersekweiteit.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

(d) Changes in accounting policies and disclosures

The accounting policies adopted are consistent with those of the previous financial year. The Group has adopted the following new and amended IFRS and IFRIC interpretations during the year:

IFRS 2 Amendments to IFRS 2 Share-based payments: Group cash-settled share-based payment transactions, effective date 1 July 2010

IAS 32 Amendments to IAS 32 - Classification of rights issues denominated in a foreign currency, effective date 1 July 2010

IFRIC 19 Extinguishing financial liabilities with equity instruments, effective date 1 July 2010

Improvements to IFRS (April 2009), effective date mostly 1 July 2010

The Directors are of the opinion that the impact of the standards will be as follows:

- IFRS 2 Share-based Payments: Group cash-settled share-based payment transactions (Amended)

The IASB issued an amendment to IFRS 2 that clarified the scope and the accounting for group cash-settled share-based payment transactions. This amendment is effective for financial years beginning on or after 1 July 2010. It did not have an impact on the financial position or performance of the Group.

- IAS 32 Classification of rights issues denominated in a foreign currency (Amended)

The amendment to IAS 32 is effective for annual periods beginning on or after 1 July 2010 and amended the definition of a financial liability in order to classify rights issues (and certain options or warrants) as equity instruments in cases where such rights are given pro rata to all of the existing owners of the same class of an entity's non-derivative equity instruments, or to acquire a fixed number of the entity's own equity instruments for a fixed amount in any currency. This amendment will have no impact on the Group after initial application.

- IFRIC 19 Extinguishing financial liabilities with equity instruments

IFRIC 19 is effective for annual periods beginning on or after 1 July 2010. The interpretation clarifies that equity instruments issued to a creditor to extinguish a financial liability qualify as consideration paid. The equity instruments issued are measured at their fair value. In case that this cannot be reliably measured, the instruments are measured at the fair value of the liability extinguished. Any gain or loss is recognised immediately in profit or loss. The adoption of this interpretation will have no effect on the financial statements of the Group.

- Improvements to IFRS (Issued in April 2009)

In April 2009 the Board issued its second omnibus of amendments to its standards, primarily with a view to removing inconsistencies and clarifying wording. There are separate transitional provisions for each standard. The adoption of the amendments did not have any impact on the financial position or performance of the Group.

(d) Veranderinge in rekeningkundige beleide en openbaarmakings

Die rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas met die in die vorige finansiële jaar. Die Groep het die volgende nuwe en gewysigde IFRS- en IFRIC-interpretasies gedurende die jaar geïmplementeer:

IFRS 2 Wysigings tot IFRS 2 Aandeelgebaseerde betalings: Groep kontant-vereffende aandeelgebaseerde betalingstransaksies, effektiewe datum 1 Julie 2010

IAS 32 Wysigings tot IAS 32 - Klassifisering van regte-aangeleenthede gedetermineer in buitelandse valuta, effektiewe datum 1 Julie 2010

IFRIC 19 Uitwissing van finansiële laste met ekwiteitsinstrumente, effektiewe datum 1 Julie 2010

Verbeterings tot IFRS (April 2009), effektiewe datum meestal 1 Julie 2010

Die Direkteure is van mening dat die impak van die standaarde soos volg sal wees:

- IFRS 2 Aandeelgebaseerde Betaling: Groep kontant-vereffende aandeelgebaseerde betalingstransaksies (Gewysig)

Die IASB het 'n wysiging tot IFRS 2 uitgereik wat die omvang en die teboekstelling van groep kontant-betaalde aandeelgebaseerde betalingstransaksies verduidelik. Hierdie wysiging is effektief vir finansiële jare wat op of na 1 Julie 2010 begin. Dit het geen impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep gehad nie.

- IAS 32 Klassifisering van regte-aangeleenthede gedetermineer in buitelandse valuta (Gewysig)

Die wysiging van IAS 32 is effektief vir jaarlikse tydperke wat op of na 1 Julie 2010 begin en het die definisie van finansiële toerekenbaarheid aangepas om regte-aangeleenthede (en sekere opsies of bewyse) as ekwiteitsinstrumente te klassifiseer in gevalle waar sodanige regte pro rata aan al die bestaande eienaars van dieselfde klas van 'n entiteit se nie-afgeleide ekwiteitsinstrumente gegee word, of om 'n vaste aantal van die entiteit se eie ekwiteitsinstrumente teen 'n vaste bedrag in enige valuta te verkry. Hierdie wysiging sal geen impak op die Groep na die aanvanklike toepassing daarvan hê nie.

- IFRIC 19 Uitwissing van finansiële laste met ekwiteitsinstrumente

IFRIC 19 is effektief vir jaarlikse tydperke wat op of na 1 Julie 2010 begin. Die interpretasie verduidelik dat ekwiteitsinstrumente wat aan 'n krediteur uitgereik word om finansiële laste uit te wis, as oorweging betaal. Die ekwiteitsinstrumente wat uitgereik word, word teen hul billike waarde gemeet. Indien dit nie betroubaar gemeet kan word nie, word die instrumente gemeet teen die billike waarde van die las wat uitgewis word. Enige wins of verlies word onmiddellik as wins of verlies erken. Die toepassing van hierdie interpretasie sal geen effek op die Groep se finansiële state hê nie.

- Verbeterings tot IFRS (Uitgereik in April 2009)

In April 2009 het die Raad sy tweede omnibus van wysigings tot sy standaarde uitgereik, hoosaklik met die doel om inkonsekwenthede te verwyder en om bewoording duideliker te maak. Daar is afsonderlike oorgangsvorsiening vir elke standaard gemaak. Die toepassing van die wysigings het geen impak op die finansiële posisie van die Groep gehad nie.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

2.2 Standards, Interpretations and Amendments issued that are not yet effective

At the date of authorisation of the Group annual financial statements for the year ended 30 June 2011, the following standards and interpretations were in issue but not yet effective:

IAS 24 Amendments to IAS 24 - Related Party Disclosures, effective date 1 January 2015

IFRS 9 Financial Instruments Classification and Measurement, effective date 1 January 2015

IFRIC 14 Amendments to IFRIC 14 - Prepayments of a Minimum Funding Requirement, effective date 1 January 2011

Improvements to IFRS (May 2010), effective date 1 January 2011

IFRS 7 Financial instruments: Disclosure - Transfer of Financial Assets, effective date 1 July 2011

IAS 12 Amendments to IAS 12 - Deferred Tax: Recovery of Underlying Assets, effective date 1 January 2012

IFRS 10 Consolidated Financial Statements, effective date 1 January 2013

IFRS 11 Joint Arrangements, effective date 1 January 2013

IFRS 12 Disclosure of Interest in Other Entities, effective date 1 January 2013

IFRS 13 Fair Value Measurement, effective date 1 January 2013

The standards must be implemented for annual periods beginning on or after the effective date

The Directors are of the opinion that the impact of the application of the standards will be as follows:

- IAS 24 Amendments to IAS 24 - Related Party Disclosures

The amended standard is effective for annual periods beginning on or after 1 January 2011. It clarifies the definition of a related party to simplify the identification of such relationships and to eliminate inconsistencies in its application. The revised standard introduces a partial exemption of disclosure requirements for government related entities. The Group does not expect any impact on its financial position or performance. Early adoption is permitted for either the partial exemption for government-related entities or for the entire standard.

- IFRS 9 Financial Instruments Classification and Measurement

The new standard introduces new requirements for classifying and measuring financial assets. The new standard forms part of a three-part project to replace IAS 39 Financial Instruments: Recognition and Measurement. The Group plans to adopt the standard only once the other parts of the project are available to enable the Group to adopt them simultaneously. The Group is in the process of evaluating the impact on the financial statements. The following are the main features of the standard:

At initial recognition, all financial assets (including hybrid contracts with a financial asset host) are measured at fair value.

2.2 Standaard, Interpretasies en Wysigings uitgereik en nie geïmplementeer nie

Op die magtigingsdatum van die Groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 was die volgende standaard en interpretasies uitgereik, maar nog nie toegepas nie:

IAS 24 Wysigings tot IAS 24 - Openbaarmaking van Verwante Partye, effektiewe datum 1 Januarie 2015

IFRS 9 Klassifisering en Meting van Finansiële Instrumente, effektiewe datum 1 Januarie 2015

IFRIC 14 Wysigings tot IFRIC 14 - Voorafbetaling van 'n Minimum Befondsingsvereiste, effektiewe datum 1 Januarie 2011

Verbeterings tot IFRS (Mei 2010), effektiewe datum 1 Januarie 2011

IFRS 7 Finansiële Instrumente: Openbaarmaking - Oordrag van Finansiële Bates, effektiewe datum 1 Julie 2011

IAS 12 Wysigings tot IAS 12 - Uitgestelde Belasting: Verhaling van Onderliggende Bates, effektiewe datum 1 Januarie 2012

IFRS 10 Gekonsolideerde Finansiële State, effektiewe datum 1 Januarie 2013

IFRS 11 Gesamentlike Reëlings, effektiewe datum 1 Januarie 2013

IFRS 12 Openbaarmaking van Belange in Ander Entiteite, effektiewe datum 1 Januarie 2013

IFRS 13 Billike Waardemeting, effektiewe datum 1 Januarie 2013

Die standaard moet vir jaarlikse periodes geïmplementeer word wat op of na die effektiewe datum begin

Die Direkteur is van mening dat die impak van die toepassing van die standaard soos volg sal wees:

- IAS 24 Wysigings tot IAS 24 - Openbaarmaking van Verwante Partye

Die gewysigde standaard is effektief vir jaarlikse periodes wat op of na 1 Januarie 2011 begin. Dit het die definisie van 'n verwante party verduidelik om die identifisering van sodanige verhoudings te vereenvoudig en om inkonsekwentheid in die uitvoering daarvan uit te skakel. Die hersiene standaard stel 'n gedeeltelike kwytskelding van bekendmakingsvereistes vir regeringsverwante entiteite in. Die Groep verwag geen impak op sy finansiële posisie of prestasie nie. Vroeë toepassing word toegelaat vir die gedeeltelike kwytskelding vir regeringsverwante entiteite of vir die hele standaard.

- IFRS 9 Klassifisering en Meting van Finansiële Instrumente

Die nuwe standaard bevat nuwe vereistes vir die klassifisering en meting van finansiële bates. Die nuwe standaard vorm deel van 'n drieledige projek om IAS 39 Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting te vervang. Die Groep beplan om die standaard toe te pas slegs wanneer die ander gedeeltes van die projek beskikbaar is sodat die Groep dit terselfdertyd kan toepas. Die Groep is besig om die impak op die finansiële state te evalueer. Die volgende is die hoofeenskappe van die standaard:

Met die aanvanklike erkenning word alle finansiële bates (insluitend hibriede kontrakte met 'n finansiële-bategasheer) teen billike waarde gemeet.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

The new standard introduces new requirements for classifying and measuring financial assets. The new standard forms part of a three-part project to replace IAS 39 Financial Instruments: Recognition and Measurement. The group plans to adopt the standard only once the other parts of the project are available to enable the group to adopt them simultaneously. The group is in the process of evaluating the impact on the financial statements. The following are the main features of the standard:

Debt instruments

For subsequent measurement, financial assets that are debt instruments are classified at amortised cost or fair value on the basis of both:

- The entity's business model for managing the financial assets; and
- The contractual cash flow characteristics of the financial asset.

Debt instruments may be subsequently measured at amortised cost if:

- The asset is held within a business model whose objective is to hold the assets to collect the contractual cash flows and
- The contractual terms of the financial asset give rise, on specified dates, to cash flows that are solely payments of a principal and interest on the principal outstanding.

All other debt instruments are subsequently measured at fair value.

Equity investments

All financial assets that are equity investments are measured at fair value either through Other Comprehensive Income (OCI) or profit or loss. This is an irrevocable choice the entity makes by instrument unless the equity investments are held for trading, in which case they must be measured at fair value through profit or loss.

- IFRIC 14 Amendments to IFRIC 14 - Prepayments of a Minimum Funding Requirement

The amendment to IFRIC 14 is effective for annual periods beginning on or after 1 January 2011 with retrospective application. The amendment provides guidance on assessing the recoverable amount of a net pension asset. The amendment permits an entity to treat the prepayment of a minimum funding requirement as an asset. The amendment is deemed to have no impact on the financial statements of the Group.

- IFRS 7 Financial Instruments: Disclosure - Transfer of Financial Assets

The amendments improve the disclosure requirements for derecognition of financial assets. Users of financial statements are expected to evaluate the risk exposures relating to transferred financial assets and the effect of the risks on an entity's financial position, particularly those that involve securitisation of financial assets. The Group, however, expects no impact from the adoption of the amendments on its financial position or performance.

Die nuwe standaard bevat nuwe vereistes vir die klassifisering en meting van finansiële bates. Die nuwe standaard vorm deel van 'n drieledige projek om IAS 39 Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting te vervang. Die Groep beplan om die standaard toe te pas slegs wanneer die ander gedeeltes van die projek beskikbaar is sodat die Groep dit terselfdertyd kan toepas. Die Groep is besig om die impak op die finansiële state te evalueer. Die volgende is die hoof eienskappe van die standaard:

Skuldinstrumente

Vir latere meting word finansiële bates wat skuldinstrumente is teen geamortiseerde koste of billike waarde op grond van albei geklassifiseer:

- Die entiteit se besigheidsmodel vir die bestuur van finansiële bates en
- Die kontraktuele kontantvloeie-eienskappe van die finansiële bate.

Skuldinstrumente kan later teen geamortiseerde koste gemeet word indien:

- Die bate in 'n besigheidsmodel gehou word waarvan die doelstelling is om die bates te hou ten einde die kontraktuele kontantvloeie in te samel en
- Die kontraktuele bepalinge van die finansiële bate gee, op spesifieke datums, aanleiding tot kontantvloeie wat uitsluitlik betaling van 'n hoofbate en uitstaande rente op 'n hoofbate is.

Alle ander skuldinstrumente word daarna teen billike waarde gemeet.

Ekwiteitsbeleggings

Alle finansiële bates wat ekwiteitsinstrumente is word teen billike waarde of deur Ander Omvattende Inkomste (OCI) of wins of verlies gemeet. Dit is 'n onherroeplike keuse wat die entiteit per dokument maak behalwe indien die ekwiteitsbeleggings vir handel gehou word, in watter geval hulle teen billike waarde deur wins of verlies gemeet moet word.

- IFRIC 14 Wysigings tot IFRIC 14 - Voorafbetaling van 'n Minimum Befondsingsvereiste

Die wysiging tot IFRIC 14 is effektief vir jaarlikse periodes wat op of na 1 Januarie 2011 met terugwerkende toepassing begin. Die wysiging bied riglyne vir die assessering van die verhaalbare bedrag van 'n netto pensioenbate. Die wysiging stel 'n entiteit in staat om die voorafbetaling van 'n minimum befondsingsvereiste as 'n bate te behandel. Daar word gemeen dat die wysiging geen impak op die finansiële state van die Groep het nie.

- IFRS 7 Finansiële Instrumente: Openbaarmaking - Oordrag van Finansiële Bates

Die wysigings verbeter die openbaarmakingsvereistes vir die ontkenning van finansiële bates. Daar word van gebruikers van finansiële state verwag om die risikoblootstelling ten opsigte van finansiële bates wat oorgedra is en die effek van die risiko's op 'n entiteit se finansiële posisie te evalueer, veral die wat sekuritisering van finansiële bates insluit. Die Groep verwag egter geen impak van die toepassing van die wysigings op sy finansiële posisie of prestasie nie.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

- IAS 12 Amendments to IAS 12 - Deferred Tax: Recovery of Underlying Assets

The amendment to IAS 12 Income Taxes was issued in December 2010. The amendment provides a practical solution to the problem of determining whether assets measured using the fair value model in IAS 40 Investment Property are recovered through use or through sale. The amendment is effective for annual periods beginning on or after 1 July 2011, with earlier application permitted. The amendment is deemed to have no impact on the financial statements of the Group.

- IFRS 10 Consolidated Financial Statements

IFRS 10 Consolidated Financial Statements establishes principles for the presentation and preparation of consolidated financial statements when an entity controls one or more other entities.

IFRS 10 replaces the consolidation requirements in SIC-12 Consolidation-Special Purpose Entities and IAS 27 Consolidated and Separate Financial Statements.

IFRS 10 builds on existing principles by identifying the concept of control as the determining factor in whether an entity should be included within the consolidated financial statements of the parent company. The standard provides additional guidance to assist in the determination of control where this is difficult to assess.

The Group is in the process of evaluating the impact on the financial statements.

- IFRS 11 Joint Arrangements

IFRS 11 Joint Arrangements provides for a more realistic reflection of joint arrangements by focusing on the rights and obligations of the arrangement, rather than its legal form (as is currently the case). The standard addresses inconsistencies in the reporting of joint arrangements by requiring a single method to account for interests in jointly controlled entities.

The Group is in the process of evaluating the impact on the financial statements.

- IFRS 12 Disclosure of Interest in Other Entities

IFRS 12 Disclosure of Interests in Other Entities is a new and comprehensive standard on disclosure requirements for all forms of interests in other entities, including subsidiaries, joint arrangements, associates and unconsolidated structured entities.

The Group is in the process of evaluating the impact on the financial statements.

- IFRS 13 Fair Value Measurement

IFRS 13 Fair Value Measurement establishes a single source of guidance under IFRS for all fair value measurement that will improve consistency and reduce complexity by providing, for the first time, a precise definition of fair value and disclosure requirements for use across IFRSs. IFRS 13 does not change when an entity is required to use fair value, but rather, provides guidance on how to measure fair value under IFRS when fair value is required or permitted by IFRS.

The Group is in the process of evaluating the impact on the financial statements.

- IAS 12 Wysigings tot IAS 12 - Uitgestelde Belasting: Verhaling van Onderliggende Bates

Die wysiging tot IAS 12 Inkomstebelasting is in Desember 2010 uitgereik. Die wysiging bied 'n praktiese oplossing vir die probleem om vas te stel of bates wat deur middel van die billikewaardemodel in IAS 40 Beleggingseiendom gemeet is, deur gebruik of verkoop verhaal is. Die wysiging is effektief vir jaarperiodes wat op of na 1 Julie 2011 begin, met vroeër toepassing toegelaat. Daar word gemeen dat die wysiging geen impak op die finansiële state van die Groep het nie.

- IFRS 10 Gekonsolideerde Finansiële State

IFRS 10 Gekonsolideerde Finansiële State lê beginsels neer vir die bekendmaking en voorbereiding van gekonsolideerde finansiële state wanneer 'n entiteit een of meer ander entiteite beheer.

IFRS 10 vervang die konsolideringsvereistes in SIC-12 Konsolidering - Spesiale doel Entiteite en IAS 27 Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State.

IFRS 10 bou voort op bestaande beginsels deur die konsep van beheer as die bepalende faktor te identifiseer wanneer 'n entiteit by die gekonsolideerde finansiële state van die houermaatskappy ingesluit moet word. Die standaard bied verdere riglyne om te help met die bepaling van beheer wanneer dit moeilik is om vas te stel.

Die Groep is besig om die impak op die finansiële state te evalueer.

- IFRS 11 Gesamentlike Reëlings

IFRS 11 Gesamentlike Reëlings maak voorsiening vir 'n meer realistiese voorstelling van gesamentlike reëlings deur te fokus op die regte en pligte van die reëling, eerder as op die regsform daarvan (soos tans die geval is). Die standaard spreek inkonsekwentheid in die verslagdoening van gesamentlike reëlings aan deur 'n enkele metode te vereis vir die teboekstelling van belange in entiteite wat gesamentlik beheer word.

Die Groep is besig om die impak op die finansiële state te evalueer.

- IFRS 12 Openbaarmaking van Belange in Ander Entiteite

IFRS 12 Openbaarmaking van Belange in Ander Entiteite is 'n nuwe en omvattende standaard oor die openbaarmakingsvereistes vir alle vorme van belange in ander entiteite, insluitend filiaalmaatskappye, gesamentlike reëlings, geassosieerde maatskappye en ongekonsolideerde gestruktureerde entiteite.

Die Groep is besig om die impak op die finansiële state te evalueer.

- IFRS 13 Meting van Billike Waarde

IFRS 13 Meting van Billike Waarde lê 'n enkele bron van leiding onder IFRS neer vir alle billikewaarde-meting wat konsekwentheid sal verbeter en kompleksiteit sal verminder deur vir die eerste keer 'n presiese definisie van billike waarde en openbaarmakingsvereistes te bied wat in alle IFRS'e gebruik kan word. IFRS 13 verander nie wanneer 'n entiteit billike waarde moet gebruik nie, maar bied eerder riglyne oor hoe om billike waarde onder IFRS te meet wanneer billike waarde deur IFRS vereis of toegelaat word.

Die Groep is besig om die impak op die finansiële state te evalueer.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

2.3 Significant accounting judgements and estimates

The preparation of the Group's financial statements requires Management to make judgements, estimates and assumptions that affect the reported amounts of revenues, expenses, assets and liabilities, and the disclosure of contingent liabilities, at the reporting date. However, uncertainty about these assumptions and estimates could result in outcomes that could require a material adjustment to the carrying amount of the asset or liability affected in the future.

Judgements

In the process of applying the Group's accounting policies, Management has made judgements which may have significant effects on the amounts recognised in the financial statements. Such judgements are disclosed in the relevant notes to the financial statements.

Estimates and assumptions

The key assumptions concerning the future and other key sources of estimation uncertainty at the reporting date that have a significant risk of causing a material adjustment to the carrying amounts of assets and liabilities within the next financial year are discussed below:

Property, plant and equipment

The carrying values of property, plant and equipment are based on Management's estimates of the useful lives and residual values. These estimates are based on product life cycles and assessments by engineering and other specialist staff.

Impairment of non-financial assets

The Group assesses whether there are any indicators of impairment for all non-financial assets at each reporting date. Goodwill and other indefinite life intangibles are tested for impairment annually and at other times when such indicators exist. Other non-financial assets are tested for impairment when there are indicators that the carrying amounts may not be recoverable.

When value-in-use calculations are undertaken, Management must estimate the expected future cash flows from the asset or cash-generating unit and choose a suitable discount rate in order to calculate the present value of those cash flows.

Share-based payments

The Group measures the cost of equity-settled transactions with employees by reference to the fair value of the equity instruments at the date at which they are granted. Estimating fair value requires determining the most appropriate valuation model for a grant of equity instruments, which is dependent on the terms and conditions of the grant. This also requires determining the most appropriate inputs to the valuation model and making assumptions about them.

Cash-settled transactions

The cost of cash-settled transactions is measured initially at fair value at the grant date using a modified version of the Hull-White Trinomial Lattice model, taking into account the terms and conditions upon which the instruments were granted. This fair value is expensed over the period until vesting with recognition of a corresponding liability. The liability is remeasured at each reporting date up to and including the settlement date with changes in fair value recognised in profit or loss.

2.3 Beduidende rekeningkundige beoordelings en ramings

Die voorbereiding van die Groep se finansiële state vereis van Bestuur om menings, skattings en aannames te maak wat die gerapporteerde bedrae van inkomste, uitgawes, bates en laste en die openbaarmaking van voorwaardelike aanspreeklikheid op die verslaggewingsdatum kan beïnvloed. Onsekerhede oor hierdie aannames en skattings kan egter 'n materiële aanpassing in die drawaardes van die geaffekteerde bate of las in die toekoms tot gevolg hê.

Beoordelings

Met die toepassing van die Groep se rekeningkundige beleid het Bestuur sekere beoordelings gemaak wat 'n beduidende uitwerking kan hê op die bedrae wat in die finansiële state erken word. Sulke beoordelings word in die toepaslike aantekeninge tot die finansiële state geopenbaar.

Ramings en aannames

Die belangrikste aannames wat die toekoms betref en ander belangrike bronne van ramingsonsekerheid op die verslagdoeningsdatum wat 'n betekenisvolle risiko inhou dat dit in die volgende finansiële jaar wesentliche aanpassing van die drawaardes van bates en laste kan veroorsaak, word hieronder bespreek:

Eiendom, aanleg en toerusting

Die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting word gebaseer op Bestuur se ramings van die bruikbare lewe en reswaardes. Sulke ramings is afhanklik van produklewensiklusse en van evaluering deur ingenieurs- en ander spesialispersoneel.

Waardedaling van nie-finansiële bates

Die Groep bepaal met elke verslaggewingsdatum of daar enige tekens van waardedaling ten opsigte van enige nie-finansiële bates is. Klandisiewaarde en ander onbepaalbare-lewensduur ontasbare bates word jaarliks en op ander tye wanneer daar aanwysers is, getoets vir waardedaling. Ander nie-finansiële bates word vir waardedaling getoets wanneer daar tekens is dat die drawaardes nie verhaalbaar mag wees nie.

Wanneer waarde-in-gebruik-berekening gedoen word, moet Bestuur die verwagte toekomstige kontantvloei van die bate of kontantgenererende eenheid bepaal en 'n gepaste koers van verdiskontering beraam om die huidige waarde van die kontantvloei te bereken.

Aandeelgebaseerde betalings

Die Groep meet die koste van ekwiteitvereffende transaksies met werknemers met verwysing na die billike waarde van die ekwiteitinstrumente op die datum wat hulle toegestaan is. Om billike waarde te skat, vereis dat die mees gepaste waardasiemodel vir die toestaan van ekwiteit bepaal word, wat afhang van die bepalinge en voorwaardes daarvan. Dit vereis ook dat die mees gepaste insette tot die waardasiemodel bepaal moet word en dat aannames daarvoor gemaak word.

Kontantvereffende transaksies

Die koste van kontantvereffende transaksies word aanvanklik op die kennisgewingsdatum teen redelike waarde gemeet, deur gebruikmaking van 'n aangepaste weergawe van die Hull-White Trinomial Lattice model, inagnemend die terme en voorwaardes waarop die instrumente toegeken is. Die redelike waarde word afgeskryf oor die periode tot en met vestiging met erkenning van die ooreenkomstige las. Die las word op elke verslagdoeningsdatum hermeet tot en met die vereffeningsdatum, met veranderinge in redelike waarde teen wins of verlies erken.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

Deferred taxation assets

Deferred taxation assets are recognised for all unused tax losses to the extent that it is probable that taxable profit will be available against which the losses can be utilised. Significant Management judgement is required to determine the amount of deferred taxation assets that can be recognised, based on the likely timing and level of future taxable profits together with future taxation planning strategies.

Income tax expense

Taxes are a matter of interpretation and subject to changes. The Group makes use of tax experts to advise on all tax matters. Estimations of normal company tax and CGT are based on the advice and Management's interpretation thereof.

Long service bonus provision and defined benefit-pension plan

The cost of the long service bonus provision and defined-benefit pension plan is determined using actuarial valuations. The actuarial valuation involves making assumptions about discount rates, expected rates of return on assets, future salary increases, mortality rates and future pension increases. Due to the long-term nature of these plans, such estimates are subject to significant uncertainty.

2.4 Summary of significant accounting policies

(a) Financial instruments

A financial instrument is any contract that gives rise to a financial asset of one entity and a financial liability or equity instrument of another entity. Financial assets include, in particular, cash and cash equivalents, trade receivables and other originated loans and receivables as well as derivative and non-derivative financial assets held for trading. Financial liabilities generally substantiate claims for repayment in cash or another financial asset. In particular, this includes interest-bearing loans and borrowings, trade payables, liabilities to banks, finance lease payables and derivative financial liabilities.

Measurement

Financial instruments are generally recognised as soon as the Group becomes a party under the contractual regulations of the financial instruments. In general, financial assets and financial liabilities are offset and the net amount presented in the statement of financial position, when and only when, the entity currently has a legally enforceable right to set off the recognised amounts and intends to settle on a net basis or to realise the asset and settle the liability simultaneously.

Derecognition

A financial asset (or, where applicable a part of financial asset or part of group of similar financial assets) is derecognised when:

- the rights to receive cash flows from the asset have expired
- the Group retains the right to receive cash flows from the asset, but has assumed an obligation to pay them in full without material delay to a third party under a "pass through" arrangement or
- the Group has transferred its right to receive cash flows from the asset and either (a) has transferred substantially all the risks and rewards of the asset, or (b) has neither transferred nor retained substantially all the risks and rewards of the asset, but has transferred control of the asset.

Uitgestelde belastingbates

Uitgestelde belastingbates word erken vir alle ongebruikte belastingverliese tot die mate dat dit waarskynlik is dat belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die verliese gebruik kan word. Betekenisvolle Bestuursoordeel word vereis om die bedrag van uitgestelde belastingbates te bepaal wat so erken kan word, gebaseer op die waarskynlike tydsberekening en vlak van toekomstige belasbare winste saam met toekomstige belastingbeplanningstrategieë.

Inkomstebelastinguitgawe

Belasting is 'n saak van interpretasie en onderhewig aan veranderings. Die Groep maak van belastingkundiges gebruik om oor alle belasting-aangeleenthede te adviseer. Ramings van normale maatskappybelasting en KWB word gegrond op hierdie advies en Bestuur se interpretasie daarvan.

Langdiensbonusvoorsiening en omskrewevordele-pensioenplan

Die koste van langdiensbonusvoorsiening en die omskrewevordele-pensioenplan is bepaal met behulp van aktuariële waardasies. Die aktuariële waardasie behels die aannames oor verdiskonteringskoerse, verwagte opbrengskoerse op bates, toekomstige salarisverhogings, sterftesyfers en toekomstige pensioenverhogings. Weens die langtermyn-aard van hierdie planne is sulke ramings onderhewig aan wesenlike onsekerheid.

2.4 Opsomming van beduidende rekeningkundige beleid

(a) Finansiële instrumente

'n Finansiële instrument is enige kontrak wat 'n finansiële bate vir een entiteit en 'n finansiële las of ekwiteitsinstrument vir 'n ander entiteit tot gevolg het. Finansiële bates sluit veral in kontant en kontantekwivalente, handelsdebiteure en ander lenings en debiteure, asook afgeleide en nie-afgeleide finansiële bates gehou vir verhandeling. Oor die algemeen ondersteun finansiële laste eise vir terugbetaling in kontant of 'n ander finansiële bate. Meer spesifiek sluit dit rentedraende lenings en verpligtinge, handelskrediteure, verpligtinge aan banke, bruikhuurverpligtinge en afgeleide finansiële laste in.

Meting

Finansiële instrumente word gewoonlik aangedui die oomblik wanneer die Groep 'n party word ingevolge die kontraktuele regulasies van die finansiële instrumente. Oor die algemeen word finansiële bates en finansiële laste teen mekaar afgespeel en die nettobedrag word in die staat van finansiële posisie aangedui, wanneer, en slegs wanneer, die entiteit 'n wetlik afdwingbare reg het om die erkende bedrae teen mekaar af te speel en van plan is om dit af te los op 'n netto basis of om die bate te realiseer en die aanspreeklikheid terselfdertyd af te los.

Ont erkenning

'n Finansiële bate (of, waar van toepassing, 'n gedeelte van 'n finansiële bate of 'n gedeelte van 'n groep eenderse finansiële bates) word nie erken nie, wanneer:

- die regte om kontantvloeï van die bate te ontvang, verval het
- die Groep die reg behou om kontantvloeï te ontvang van die bate, maar 'n aanspreeklikheid aanvaar het om dit ten volle te betaal aan 'n derde party sonder wesenlike vertraging ingevolge 'n "deurgang"-reëling of
- die Groep sy reg om kontantvloeï van die bate te ontvang oorgedra het en óf (a) al die risiko en opbrengs van die bate wesenlik oorgedra het, óf (b) nie al die risiko en opbrengs van die bate wesenlik oorgedra het nie, maar beheer oor die bate oorgedra het.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

When the Group has transferred its rights to receive cash flows from an asset and has neither transferred nor retained substantially all the risks and rewards of the asset nor transferred control of the asset, the asset is recognised to the extent of the Group's continuing involvement with the asset. Continuing involvement that takes a form of a guarantee over the transferred asset is measured at the lower of the original carrying amount of the asset and the maximum amount of consideration that the Group could be required to repay.

A financial liability is derecognised when the obligation under the liability is discharged, cancelled or expires. When an existing financial liability is replaced by another from the same lender on substantially different terms, or the terms of the existing liability are substantially modified, such an exchange or modification is treated as a derecognition of the original liability and the recognition of a new liability and the difference in the respective carrying amounts is recognised in profit or loss.

Impairment of financial assets

The Group assesses at each reporting date whether a financial asset or group of financial assets is impaired.

Assets carried at amortised cost

If there is objective evidence that an impairment loss on assets carried at amortised cost has been incurred, the amount of the loss is measured as the difference between the asset's carrying amount and the present value of estimated future cash flows (excluding future expected credit losses that have not been incurred) discounted at the financial asset's original effective interest rate. The carrying amount of the asset is reduced through use of an allowance account. The amount of the loss is recognised in profit or loss.

If, in a subsequent period, the amount of the impairment loss decreases and the decrease can be related objectively to an event occurring after the impairment was recognised, the previously recognised impairment loss is reversed, to the extent that the carrying value of the asset does not exceed its amortised cost at the reversal date. Any subsequent reversal of an impairment loss is recognised in profit or loss.

In relation to trade receivables, a provision for impairment is made when there is objective evidence (such as the probability of insolvency or significant financial difficulties of the debtor) that the Group will not be able to collect all of the amounts due under the original terms of the invoice. The carrying amount of the receivable is reduced through use of an allowance account. Impaired debts are derecognised when they are assessed as uncollectible.

Available-for-sale financial investments

For available-for-sale financial investments, the Group assesses at each reporting date whether there is objective evidence that an investment or a group of investments is impaired.

If an available-for-sale asset is impaired, an amount comprising the difference between its cost (net of any principal payment and amortisation) and its current fair value, less any impairment loss previously recognised in profit or loss, is transferred from other comprehensive income to profit or loss. Reversals in respect of equity instruments classified as available-for-sale are not recognised in profit or loss. Reversals of impairment losses on debt instruments are reversed through profit or loss, if the increase in fair value of the instrument can be objectively related to an event occurring after the impairment loss was recognised in profit or loss.

Wanneer die Groep sy reg om kontantvloeï van 'n bate te ontvang, oorgedra het en nie die risiko's en opbrengste daarvan in hoofsaak oorgedra of behou het nie en ook nie die beheer oor die bate oorgedra het nie, word die bate erken tot die mate van die Groep se volgehoue betrokkenheid by die bate. Volgehoue betrokkenheid in die vorm van 'n waarborg oor die bate wat oorgedra is, word gemeet teen die laagste van die oorspronklike drawaarde van die bate en die maksimum bedrag vergoeding wat van die Groep verwag kan word om te betaal.

'n Finansiële las word onterken wanneer die verpligting onder die las opgehef word, gekanselleer word of verval. Wanneer 'n bestaande finansiële las vervang word met 'n ander een van dieselfde uitleners op wesenlike verskillende voorwaardes, of die voorwaardes van die bestaande las word wesenlik verander, word so 'n vervanging of verandering hanteer as 'n onterkenning van die oorspronklike las en die erkenning van 'n nuwe las en die verskil tussen die onderskeie drawaardes word in wins of verlies erken.

Waardedaling van finansiële bates

Die Groep bepaal met elke verslagdoeningsdatum of daar by 'n finansiële bate of groep finansiële bates waardedaling plaasgevind het.

Bates gedra teen geamortiseerde koste

Indien daar objektiewe bewys is dat daar 'n waardedalingsverlies plaasgevind het op bates gedra teen geamortiseerde koste, word die verlies gemeet as die verskil tussen die bate se drawaarde en die huidige waarde van geskatte toekomstige kontantvloeï (waarby toekomstige verwagte kredietverliese wat nog nie opgeloop het nie, uitgesluit is), verdiskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers. Die drawaarde van die bate word verminder deur gebruik te maak van 'n toelaagrekening. Die bedrag van die verlies word erken in wins of verlies.

Indien die bedrag van die waardedaling in 'n daaropvolgende tydperk verminder en die vermindering kan objektief gekoppel word aan 'n gebeurtenis wat na die waardedaling plaasgevind het, word die voorheen aangetekende waardedalingsverlies teruggedra tot die mate wat die drawaarde van die bate nie sy geamortiseerde koste op die datum van terugskrywing oorskry nie. Enige gevolglike terugskrywing van 'n waardedalingsverlies word erken in wins of verlies.

Met betrekking tot handelsdebiteure word voorsiening vir waardedaling gemaak wanneer daar objektiewe bewys is (soos die waarskynlikheid van insolvensie of wesenlike finansiële moeilikhede van die debiteur) dat die Groep nie die volle bedrag betaalbaar onder die oorspronklike bepalinge van die faktuur sal kan invorder nie. Die drawaarde van die debiteur word verminder deur die gebruik van 'n toelaagrekening. Skuld waarby waardedaling plaasgevind het, word nie erken wanneer dit as oninbaar beskou word nie.

Beleggings beskikbaar-vir-verkoop

Vir beskikbaar-vir-verkoop beleggings oorweeg die Groep op elke verslagdoeningsdatum of daar objektiewe getuienis is dat 'n belegging of 'n groep beleggings se waarde gedaal het.

Wanneer daar waardedaling van 'n bate beskikbaar-vir-verkoop plaasvind, word 'n bedrag gelykstaande aan die verskil tussen sy koste (netto van enige kapitaaldelging en amortisasie) en sy huidige billike waarde, minus enige waardedaling voorheen erken in wins of verlies, oorgeplaas van ander omvattende inkomste na wins of verlies. Terugskrywings met betrekking tot ekwiteitsinstrumente as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer word nie erken in wins of verlies nie. Terugskrywings van waardedalingsverliese op skuldinstrumente word teruggedra tot wins of verlies indien die vermeerdering in billike waarde objektief gekoppel kan word aan 'n gebeurtenis wat plaasgevind het nadat die waardedalingsverlies aangedui is in wins of verlies.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

(a)(i) Financial assets

Investments and other financial assets

When financial assets are recognised initially, they are measured at fair value plus, in the case of investments not at fair value through profit or loss, directly attributable transaction costs. The Group determines the classification of its financial assets after initial recognition and, where allowed and appropriate, re-evaluates this designation at each financial year-end. All regular-way purchases and sales of financial assets are recognised on the trade date i.e. the date that the risks and rewards of ownership are passed to the Group. Regular-way purchases or sales are purchases or sales of financial assets that require delivery of assets within the period generally established by regulation or convention within the marketplace.

Financial assets at fair value through profit or loss

Financial assets at fair value through profit or loss includes financial assets held for trading and financial assets designated upon initial recognition as at fair value through profit or loss.

Financial assets are classified as held-for-trading if they are acquired for the purpose of selling in the near term. Derivatives are also classified as held-for-trading unless they are designated as effective hedging instruments or a financial guarantee contract. Gains and losses on investments held-for-trading are recognised in profit or loss.

Loans and accounts receivables

Loans and accounts receivables are non-derivative financial assets with fixed determinable payments that are not quoted in an active market. After initial measurement loans and receivables are subsequently carried at amortised cost using the effective interest method less any allowance for impairment. Amortised cost is calculated taking into account any discount or premium on acquisition and includes fees and transaction costs that are an integral part of the effective interest rate. Gains and losses are recognised in profit or loss when the loans and receivables are derecognised or impaired, as well as through the amortisation process.

Available-for-sale financial investments

Available-for-sale financial assets are those non-derivative financial assets that are designated as available-for-sale or are not classified in any of the three preceding categories. After initial measurement, available-for-sale financial assets are measured at fair value with unrealised gains or losses recognised directly in other comprehensive income until the investment is derecognised or determined to be impaired at which time the cumulative gain or loss previously recorded in equity is recognised in profit or loss.

Fair value

The fair value of investments that are actively traded in organised financial markets is determined by reference to quoted market bid prices at the close of business on the reporting date. For investments where there is no active market, fair value is determined using valuation techniques. Such techniques include using recent arm's length market transactions, reference to the current market value of another instrument which is substantially the same, discounted cash flow analysis or other valuation models.

(a)(i) Finansiële bates

Beleggings en ander finansiële bates

Wanneer finansiële bates aanvanklik erken word, word dit teen billike waarde gemeet plus, in die geval van beleggings nie teen billike waarde deur wins of verlies nie, regstreeks toeskryfbare transaksiekoste. Die Groep bepaal die klassifikasie van sy finansiële bates na aanvanklike erkenning en hersien hierdie aanduiding teen elke finansiële jaareinde waar toegelaat en toepaslik. Alle "gewone manier"-aankope en -verkope van finansiële bates word op die verhandelingsdatum erken, naamlik die datum waarop die regte en verpligtinge van eienaarskap na die Groep oorgaan. "Gewone manier"-aankope en -verkope is aankope of verkope van finansiële bates wat vereis dat die bates gelewer word binne die tydskedule wat algemeen deur regulasie of konvensie in die mark bepaal word.

Finansiële bates erken teen billike waarde deur wins of verlies

Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies sluit in finansiële bates gehou vir verhandeling en finansiële bates by aanvanklike aanduiding aangetoon as teen billike waarde deur wins of verlies.

Finansiële bates word geklassifiseer as gehou-vir-verhandeling indien dit verkry is met die doel om in die nabye toekoms verkoop te word. Afgeleide instrumente word geklassifiseer as gehou-vir-verhandeling behalwe as dit aangewys word as doeltreffende verskansingsinstrumente of 'n finansiële waarborgkontrak. Winste en verliese op finansiële bates wat gehou word vir verhandeling word in wins of verlies erken.

Lenings en rekeninge ontvangbaar

Lenings en rekeninge ontvangbaar is nie-afgeleide finansiële bates met vaste betaalbare betalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Na aanvanklike erkenning word lenings en ontvangstes teen geamortiseerde koste erken deur gebruikmaking van die effektiewe rente-metode min enige aanpassing vir waardedaling. Geamortiseerde koste word bereken met inagneming van enige diskonto of premie met verkryging en sluit fooie en transaksiekoste in wat 'n onafskeidbare deel uitmaak van die effektiewe rentekoers. Winste en verliese word in wins of verlies aangedui wanneer die lenings en ontvangstes ondergaan of vir waardedaling verminder word, asook deur die amortisasieproses.

Beleggings beskikbaar-vir-verkoop

Finansiële bates wat beskikbaar is om verkoop te word, is die nie-afgeleide finansiële bates wat as te koop aangetoon word of wat nie in een van die drie voorafgaande kategorieë geklassifiseer is nie. Na aanvanklike meting word finansiële bates wat vir verkoop beskikbaar is, gemeet teen billike waarde met ongerealiseerde winste of verliese direk in ander omvattende inkomste erken totdat die belegging ondergaan word, óf dit bepaal word dat waardedalings gerealiseer het, word die opgelope wins of verlies wat voorheen in ekwiteit erken is, in wins of verlies erken.

Billike waarde

Die billike waarde van beleggings wat aktief in georganiseerde finansiële markte verhandel word, word bepaal deur verwysings na gekwoteerde markaanlooppryse aan die einde van die sakedag op die verslagdoeningsdatum. Vir beleggings waar daar nie 'n aktiewe mark is nie, word billike waarde bepaal deur waardasietegnieke te gebruik. Dit sluit in onlangse arm-lengte-transaksies, verwysing na die huidige markwaarde van ander instrumente wat wesenlik eenders is, verdiskonteerde kontantvloei-ontledings en ander waardasiemodelle.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

Amortised cost

Loans and receivables are measured at amortised cost. This is computed using the effective interest method less any allowance for impairment. The calculation takes into account any premium or discount on acquisition and includes transaction costs and fees that are an integral part of the effective interest rate.

Cash and cash equivalents

Cash and cash equivalents consist of cash on hand, cash in banks, short-term deposits and highly liquid investments.

(a)(ii) Financial liabilities

Trade and other payables

Trade payables are non-interest bearing and carried at the original invoice amount.

Interest-bearing loans and borrowings

All loans, borrowings and financial liabilities are initially recognised at fair value less directly attributable transaction costs. After initial recognition, interest-bearing loans and borrowings are subsequently measured at amortised cost using the effective interest method. Gains and losses are recognised in profit or loss when the liabilities are derecognised, as well as through the amortisation process. Borrowing cost are expensed through profit or loss as incurred.

(b) Financial statements of foreign operations

The assets and liabilities of foreign operations, including goodwill and fair value adjustments arising on consolidation, are translated to rand at foreign exchange rates ruling at the reporting date. The revenues and expenses of foreign operations are translated to rand at rates approximating the foreign exchange rates ruling at the date of the transaction.

Foreign currency transactions

Transactions in foreign currencies are translated at the foreign exchange rate ruling at the date of the transaction. Monetary assets and liabilities denominated in foreign currencies at the reporting date are translated to rand at the foreign exchange rate ruling at that date. Foreign exchange differences arising on translation are recognised in the profit or loss. Non-monetary assets and liabilities that are measured in terms of historical cost in a foreign currency are translated using the exchange rate at the date of the transaction.

Derivative financial instruments

The Group uses derivative financial instruments to hedge its exposure to foreign exchange and interest rate risks arising from operational, financing and investment activities. In accordance with its treasury policy, the Group does not hold or issue derivative financial instruments for trading purposes. Derivative financial instruments are recognised initially at fair value. Subsequent to initial recognition, derivative financial instruments are remeasured at fair value. The gain or loss on remeasurement to fair value is recognised immediately in profit or loss. The fair value of forward exchange contracts is their quoted market price at the reporting date, being the present value of the quoted forward price for contracts with similar maturity profiles. The change in the fair value of the hedging derivative is recognised in profit or loss. The change in the fair value of the hedged instrument attributable to the risk hedged is recorded as part of the carrying value of the hedged instrument and is also recognised in profit or loss.

Geamortiseerde koste

Lenings en debiteure word gemeet teen geamortiseerde koste. Dit word bereken deur die effektiwerente-metode te gebruik min enige voorsiening vir waardedaling. Die berekening neem enige premie of diskonto op die verkryging in ag en sluit transaksiekoste en koste wat deel is van die effektiewe rentekoers in.

Kontant en kontantekwivalente

Kontant- en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande, kontant in banke, korttermyndeposito's en hoogs likiede beleggings.

(a)(ii) Finansiële laste

Handels- en ander krediteure

Handelskrediteure is nie-rentedraend en word getoon teen die oorspronklike faktuurbedrag.

Rentedraende lenings en verpligtinge

Alle lenings en finansiële laste word aanvanklik erken teen die billike waarde min regstreeks toeskryfbare transaksiekoste. Na aanvanklike erkenning word rentedraende lenings teen die geamortiseerde koste gemeet deur die effektiwerente-metode te gebruik. Winste en verliese word in wins of verlies erken wanneer die laste onterken word, asook deur die amortisasieproses. Leningskoste word deur wins of verlies afgeskryf soos dit aangegaan word.

(b) Finansiële state van buitelandse ondernemings

Die bates en laste van buitelandse ondernemings, wat positiewe klandisiewaarde en billike waardeaanpassings by konsolidasie insluit, word in rand omgeskakel teen wisselkoerse wat op die verslagdoeningsdatum geld. Die inkomste en uitgawes van buitelandse ondernemings word in rand omgesit teen wisselkoerse wat by benadering dieselfde is as die wisselkoerse op die datum van die transaksie.

Transaksies in buitelandse valuta

Transaksies in buitelandse valuta word omgeskakel teen die heersende wisselkoers op die datum van die transaksie. Monetêre bates en laste in buitelandse valuta word op die verslagdoeningsdatum in rand omgesit teen die heersende wisselkoers op daardie datum. Valutaverskille by omskakeling word in wins of verlies erken. Nie-monetêre bates en laste wat ingevolge historiese koste in buitelandse valuta gemeet word, word teen die wisselkoers op die datum van die transaksie omgeskakel.

Afgeleide finansiële instrumente

Die Groep gebruik afgeleide finansiële instrumente om sy blootstelling aan wissel- en rentekoersrisiko's wat uit bedryfs-, finansierings- en beleggingsaktiwiteite voortspuit te verskans. In ooreenstemming met die Groep se tesouriebeleid word geen afgeleide finansiële instrumente vir handelsdoeleindes gehou of uitgereik nie. Afgeleide finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde hermeet. Na aanvanklike erkenning word afgeleide finansiële instrumente teen billike waarde erken. Die wins of verlies by die hermeting van billike waarde word onmiddellik in wins of verlies erken. Die billike waarde van valutatermykontrakte is die gekwoteerde prys op die verslagdoeningsdatum, naamlik die huidige waarde van die gekwoteerde termynprys vir kontrakte met 'n ooreenstemmende termynprofiel. Die verandering in die billike waarde van die verskanste item word in wins of verlies erken. Die verandering in die billike waarde van die verskansingsinstrument toeskryfbaar aan die verskanste risiko word aangeteken as deel van die drawaarde van die verskansingsinstrument en word ook in wins of verlies erken.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

(c) Property, plant and equipment

Owned assets

Plant and equipment are stated at cost, excluding the costs of day-to-day servicing, less accumulated depreciation and accumulated impairment value. Such cost includes the cost of replacing part of such plant and equipment when that cost is incurred if the recognition criteria are met. When each major service and/or inspection is performed, its cost is recognised in the carrying amount of the plant and equipment as a replacement if the recognition criteria are satisfied. All buildings are measured at cost less accumulated depreciation and accumulated impairment.

The carrying values of plant and equipment are reviewed for impairment when events or changes in circumstances indicate that the carrying value may not be recoverable. An impairment loss is recognised in profit or loss whenever the carrying amount of an asset exceeds its recoverable amount. An item of property, plant and equipment is derecognised upon disposal or when no future economic benefits are expected from its use or disposal.

Any gain or loss arising on derecognition of the asset (calculated as the difference between the net disposal proceeds and the carrying amount of the asset) is included in profit or loss in the year in which the asset is derecognised. The asset's residual values, useful lives and depreciation methods are reviewed, and adjusted prospectively if appropriate, at each financial year-end.

Leases

The determination of whether an arrangement is or contains a lease is based on the substance of the arrangement at inception date and requires an assessment of whether the fulfilment of the arrangement is dependent on the use of a specific asset or assets and whether the arrangement conveys a right to use the asset.

Group as a lessee

Finance leases, which transfer to the Group substantially all the risks and benefits incidental to ownership of the leased item, are capitalised at the inception of the lease at the fair value of the leased asset or, if lower, at the present value of the minimum lease payments. Lease payments are apportioned between the finance charges and reduction of the lease liability so as to achieve a constant rate of interest on the remaining balance of the liability. Finance charges are charged directly against income. Capitalised leased assets are depreciated over the shorter of the estimated useful life of the asset and the lease term if there is no reasonable certainty that the Group will obtain ownership by the end of the lease term. Operating lease payments are recognised as an expense in profit or loss on a straight-line basis over the lease term.

Group as a lessor

Leases where the Group retains substantially all the risks and benefits incidental to ownership of the asset are classified as operating leases. Initial direct costs incurred in negotiating operating leases are added to the carrying amount of the leased asset and recognised over the lease term on the same basis as rental income.

(c) Eiendom, aanleg en toerusting

Eie bates

Aanleg en toerusting word teen kosprys getoon, met uitsluiting van die koste van daaglikse versiening, min opgehoopte depresiasie en opgehoopte waardedaling. Die koste sluit die vervangingskoste van 'n deel van die aanleg en toerusting in wanneer sodanige koste aangegaan word en indien daar aan die erkenningskriteria voldoen word. Met elke belangrike versiening en/of inspeksie word die koste daarvan in die drabedrag van aanleg en toerusting erken as 'n vervanging indien daar aan die erkenningskriteria voldoen word. Alle geboue word teen kosprys min opgehoopte depresiasie en opgehoopte waardedaling gemeet.

Drawaardes van aanleg en toerusting word vir waardedaling hersien wanneer gebeure of veranderinge in omstandighede daarop dui dat die drawaarde moontlik nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word in wins of verlies erken wanneer die bate se drawaarde sy verhaalbare waarde oorskry. 'n Item van eiendom, aanleg en toerusting word onterken wanneer dit vervreem word of wanneer geen toekomstige ekonomiese voordele uit die gebruik of vervreemding daarvan verwag word nie.

Enige wins of verlies by die onterkenning van die bate (bereken as die verskil tussen die netto wegdoeningsopbrengs en die drabedrag van die bate) word in wins of verlies aangetoon in die jaar waarin die bate onterken word. Die bate se reswaardes, nuttige lewensduur en depresiasiemetodes word teen elke finansiële jaareinde hersien en vooruitwerkend aangepas indien nodig.

Huurkontrakte

Om te bepaal of 'n ooreenkoms 'n huurkontrak is of insluit, moet die wese van die ooreenkoms met aanvangsdatum ondersoek word en bepaal word of die nakoming van die ooreenkoms afhanklik is van die gebruik van 'n spesifieke bate of bates en of die ooreenkoms 'n reg oordra om die bates te gebruik.

Groep as huurder

Finansiële bruikhuurkontrakte wat in hoofsaak al die risiko's en voordele wat met eienaarskap van die gehuurde item gepaardgaan aan die Groep oordra, word by die ontstaan van die kontrak gekapitaliseer teen die billike waarde van die gehuurde bate of, indien laer, teen die huidige waarde van die minimum bruikhuurbetalings. Bruikhuurbetalings word verdeel tussen finansieringskoste en die vermindering van die bruikhuurlas om 'n konstante rentekoers op die oorblywende saldo van die las te bewerkstellig. Finansieringskoste word regstreeks teen inkomste verreken. Gekapitaliseerde gehuurde bates word oor die kortste van die geraamde nuttige lewensduur van die bate of die bruikhuurtermyn gedeprimeer indien geen sekerheid bestaan dat die Groep aan die einde van die bruikhuurtermyn eienaarskap sal verkry nie. Bedryfshuurbetalings word as 'n uitgawe in wins of verlies erken en volgens die reguitlynmetode oor die huurtermyn verreken.

Groep as verhuurder

Huurkontrakte waar die Groep in hoofsaak al die risiko's en voordele van eienaarskap van die bate behou, word as bedryfshuurkontrakte geklassifiseer. Aanvanklike direkte koste wat met die onderhandeling van bedryfshuurkontrakte aangegaan word, word by die drabedrag van die verhuurde bate gevoeg en op dieselfde basis as huurinkomste oor die huurtydperk erken.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

Depreciation

Depreciation is recognised in profit or loss on a straight-line basis over the estimated useful lives of each part of an item of property, plant and equipment. Land is not depreciated. The estimated useful lives are as follows:

- Buildings: 10 to 50 years
- Plant: 3 to 30 years
- Furniture and equipment: 3 to 15 years
- Vehicles: 5 to 20 years

(d) Investment properties

Investment properties are properties which are held either to earn rental income or capital appreciation or both. Investment properties are initially measured at cost, including transaction costs. Investment properties are subsequently measured at cost less accumulated depreciation and accumulated impairment. They are tested for impairment if there is an indication of impairment. The estimated useful lives of investment properties are 10 to 50 years and are depreciated using the straight-line basis. The carrying amount includes the cost of replacing part of an existing investment property at the time that cost is incurred if the recognition criteria are met and excludes the costs of day-to-day servicing of an investment property. Investment properties are derecognised either when they have been disposed of or when the investment property is permanently withdrawn from use and no future economic benefit is expected from its disposal.

Any gains or losses on the retirement or disposal of an investment property are recognised in profit or loss in the year of retirement or disposal. Transfers are made to investment property when, and only when, there is a change in use, evidenced by the ending of owner-occupation, commencement of an operating lease to another party or construction or development. Transfers are made from investment property when, and only when, there is a change in use, evidenced by commencement of owner-occupation or commencement of development with a view to sale.

(e) Intangible assets

Intangible assets acquired separately are measured on initial recognition at cost. The cost of intangible assets acquired in a business combination is its fair value as at the date of acquisition. Following initial recognition, intangible assets are carried at cost less any accumulated amortisation and accumulated impairment losses. Internally generated intangible assets are not capitalised and expenditure is charged in profit or loss in the year in which the expenditure is incurred. The useful lives of intangible assets are assessed to be either finite or indefinite. Intangible assets with finite lives are amortised over their useful economic life and assessed for impairment whenever there is an indication that the intangible asset may be impaired. The amortisation period and the amortisation method for an intangible asset with a finite useful life is reviewed at least at each financial year-end.

Depresiasie

Depresiasie word erken in wins of verlies op 'n reguitlyn-basis oor die geraamde nuttige lewensduur van elke deel van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting. Geen depresiasie word op grond voorsien nie. Die geraamde nuttige lewensduur is soos volg:

- Geboue: 10 tot 50 jaar
- Aanleg: 3 tot 30 jaar
- Meubels en toerusting: 3 tot 15 jaar
- Voertuie: 5 tot 20 jaar

(d) Beleggingseiendomme

Beleggingseiendomme word gehou met die doel om huurinkomste te genereer of vir kapitaalgroei, of albei. Beleggingseiendomme word aanvanklik teen kosprys getoon, met insluiting van transaksiekoste. Beleggingseiendomme word later teen kosprys min opgehoopte depresiasie en opgehoopte waardedaling erken. Dit word getoets vir waardedaling indien daar 'n indikasie van waardedaling is. Die beraamde verwagte lewensduur van beleggingseiendomme is 10 to 50 jaar en word met die reguitlyn-metode gedepresieer. Die drabedrag sluit die koste in om deel van 'n beleggingseiendom te vervang wanneer sodanige koste aangegaan word indien daar aan die erkenningskriteria voldoen word en sluit die koste van daaglikse instandhouding van 'n beleggingseiendom uit. 'n Beleggingseiendom word onterken wanneer dit weggedoen of permanent van gebruik onttrek word en geen toekomstige ekonomiese voordeel uit die wegdoening daarvan verwag word nie.

Enige winste of verliese by die onttrekking of wegdoening van 'n beleggingseiendom word in wins of verlies erken in die jaar van die onttrekking of wegdoening. Oorplasinge na beleggingseiendomme vind plaas wanneer, en slegs wanneer, daar 'n verandering in gebruik is, soos aangedui deur die beëindiging van eienaarskapsverhoudings, die begin van bedryfshuurkontrakte met 'n ander party, konstruksie of ontwikkeling. Oorplasinge uit beleggingseiendomme vind plaas wanneer, en slegs wanneer, daar 'n verandering in gebruik is, soos aangedui deur die aanvang van eienaarskapsverhoudings of die begin van ontwikkeling met die oog op verkoop.

(e) Ontasbare bates

Ontasbare bates wat afsonderlik bekom word, word by aanvanklike erkenning teen kosprys erken. Die koste van ontasbare bates wat in 'n besigheidskombinasie verkry word, is die billike waarde daarvan op die datum van aankoop. Na aanvanklike erkenning word ontasbare bates gedra teen kosprys min enige opgehoopte amortisasie en opgehoopte waardedalingsverliese. Intern gegenereerde ontasbare bates, word nie gekapitaliseer nie en besteding word in wins of verlies erken in die jaar waarin die besteding aangegaan word. Die nuttige lewensduur van ontasbare bates word óf as beperk, óf as onbeperk aangeslaan. Ontasbare bates met 'n beperkte lewensduur word oor die nuttige ekonomiese lewensduur geamortiseer en vir waardedaling getoets wanneer 'n aanduiding bestaan dat waardedaling voorkom. Die tydperk en metode van amortisasie vir 'n ontasbare bate met 'n beperkte nuttige lewensduur word minstens teen elke finansiële jaareinde hersien.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

Changes in the expected useful life or the expected pattern of consumption of future economic benefits embodied in the asset are accounted for by changing the amortisation period or method, as appropriate, and treated as changes in accounting estimates. The amortisation expense on intangible assets with finite lives is recognised in profit or loss in the expense category consistent with the function of the intangible asset. Intangible assets with indefinite useful lives are tested for impairment annually, either individually or at the cash-generating unit level. Such intangibles are not amortised. The useful life of an intangible asset with an indefinite life is reviewed annually to determine whether indefinite life assessment continues to be supportable. If not, the change in the useful life assessment from indefinite to finite is made on a prospective basis.

Trademarks, patents and software licences

Trademarks, patents and software licences are measured on initial recognition at cost. Following initial recognition they are amortised on a straight-line basis over a period of five to fifteen years. Impairment testing is done annually or more frequently when an indication of impairment exists. Gains or losses arising from the derecognition of an intangible asset are measured as the difference between the net disposal proceeds and the carrying amount of the asset and are recognised in the profit or loss when the asset is derecognised.

Research and development cost

Research and development costs are recognised in profit or loss as incurred.

Goodwill

Goodwill acquired in a business combination is initially measured at cost, being the excess of the cost of the business combination over the Group's interest in the net fair value of the identifiable assets, liabilities and contingent liabilities. Following initial recognition, goodwill is measured at cost less any accumulated impairment losses. Goodwill is reviewed for impairment annually or more frequently if events or changes in circumstances indicate that the carrying value may be impaired. Impairment losses cannot be reversed in future periods.

(f) Inventories

Inventories are valued at the lower of cost and net realisable value. Costs incurred in bringing each product to its present location and condition are accounted for as follows:

- Raw materials: purchase cost on a first-in, first-out basis
- Finished goods and work in progress: cost of direct materials and labour and a portion of manufacturing overheads, based on normal operating capacity but excluding finance cost.

Net realisable value is the estimated selling price in the ordinary course of business, less estimated costs of completion and the estimated costs necessary to make the sale.

Veranderinge in die verwagte nuttige lewensduur of die verwagte verbruikspatroon van die toekomstige ekonomiese voordele wat in die bate beliggaam is, word verantwoord deur die amortisasietydperk of -metode, soos toepaslik, te verander en as veranderinge in rekeningkundige ramings te hanteer. Die amortisasie-uitgawe op ontasbare bates met 'n beperkte lewensduur word in wins of verlies erken in die uitgawekategorie wat met die funksie van die ontasbare bate ooreenstem. Ontasbare bates met 'n onbeperkte nuttige lewensduur word jaarliks vir waardedaling getoets, óf individueel, óf op die kontantgenererende eenheidsvlak. Sodanige ontasbare bates word nie geamortiseer nie. Die nuttige lewensduur van 'n ontasbare bate met 'n onbeperkte lewensduur word jaarliks hersien om te bepaal of die onbeperkte lewensduur steeds geldig is. Indien nie, word die nuttige lewensduur vooruitwendig van onbeperk na beperk verander.

Handelsmerke, patente en programmatuurlisensies

Handelsmerke, patente en programmatuurlisensies word by aanvanklike erkenning teen kosprys gemeet. Na aanvanklike erkenning word dit volgens die reguitlynmetode oor 'n tydperk van vyf tot 15 jaar geamortiseer. Waardedalingstoets word jaarliks uitgevoer, of meer dikwels indien 'n aanduiding van waardedaling voorkom. Winste of verliese wat uit die onderkenning van 'n ontasbare bate voortspruit, word gemeet as die verskil tussen die netto wegdoeningsopbrengs en die drawaarde van die bate en word in wins of verlies erken wanneer die bate onderken word.

Navorsings- en ontwikkelingskoste

Navorsings- en ontwikkelingskoste word in wins of verlies erken soos dit aangegaan word.

Klandisiewaarde

Klandisiewaarde wat in 'n besigheidsamevoeging verkry is, word aanvanklik teen kosprys gemeet, naamlik die oormaat van die koste van die besigheidsamevoeging oor die Groep se belang in die netto billike waarde van die identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike aanspreeklikheid. Na aanvanklike erkenning word klandisiewaarde gemeet teen kosprys min enige opgehoopde waardedalingsverliese. Klandisiewaarde word jaarliks vir waardedaling hersien, of meer dikwels indien gebeure of veranderinge in omstandighede daarop dui dat 'n daling van die drawaarde voorkom. Waardedalingsverliese kan nie in toekomstige periodes teruggeskryf word nie.

(f) Voorrade

Vorrade word gewaardeer teen die laagste van kosprys en netto realiseerbare waarde. Die koste om elke produk in sy huidige toestand by sy huidige plek te kry, word soos volg in berekening gebring:

- Grondstowwe: aankoopkoste volgens die eerste-in-eerste-uit-metode
- Klaarprodukte en onvoltooide werk: koste van direkte materiale en arbeid en 'n deel van vervaardigingsbokoste, gegrond op normale bedryfsvermoë maar met uitsluiting van finansieringskoste.

Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopprijs in die gewone gang van sake, min geraamde koste van voltooiing en die geraamde koste benodig om die verkoop af te handel.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

(g) Impairment of non-financial assets

The Group assesses at each reporting date whether there is an indication that an asset may be impaired. If any such indication exists, or when annual impairment testing for an asset is required, the Group makes an estimate of the asset's recoverable value. An asset's recoverable value is the higher of an asset's or cash-generating unit's fair value less costs to sell and its value in use, and is determined for an individual asset, unless the asset does not generate cash inflows that are largely independent of those from other assets or group of assets. Where the carrying amount of an asset exceeds its recoverable amount, the asset is considered impaired and is written down to its recoverable amount. In assessing value in use, the estimated future cash flows are discounted to their present value using a pre-tax discount rate that reflects current market assessments of the time value of money and the risks specific to the asset. Impairment losses of continuing operations are recognised in profit or loss in those expense categories consistent with the function of the impaired asset.

For assets excluding goodwill, an assessment is made at each reporting date as to whether there is any indication that previously recognised impairment losses may no longer exist or may have decreased. If such indication exists, the recoverable amount is estimated. A previously recognised impairment loss is reversed only if there has been a change in the estimates used to determine the asset's recoverable amount since the last impairment loss was recognised. If that is the case, the carrying amount of the asset is increased to its recoverable amount. The increased amount cannot exceed the carrying amount that would have been determined, net of depreciation, had no impairment loss been recognised for the asset in previous years. Such a reversal is recognised in profit or loss. After such a reversal, the depreciation charge is adjusted in future periods to allocate the asset's revised carrying amount, less any residual value, on a systematic basis over its remaining useful life.

(h) Redeemable cumulative preference shares

The component of the cumulative preference shares that exhibits characteristics of a liability is recognised as a liability in the statement of financial position. The corresponding dividends on those shares are charged as interest expense in profit or loss. On issue of the preference shares, the fair value of the liability component is determined using cost of capital and this amount is carried as a long-term liability on the amortised cost basis until cleared on conversion or redemption.

The remainder of the amount after deduction of the debt component is recognised and included in shareholders' equity net of transaction costs. The carrying amount of the equity component is not remeasured in subsequent years.

Transaction costs are apportioned between the liability and equity components of the convertible preference shares based on the allocation of proceeds to the liability and equity components when the instruments are initially recognised.

(i) Treasury shares

Shares in the Company held by the Group are classified as treasury shares. On consolidation, these shares are treated as a deduction from the issued number of shares and the cost price of the shares is deducted from share capital and share premium in the statement of financial position. No gain or loss is recognised in the statement of comprehensive income on the purchase, sale, issue or cancellation of the Group's own equity instruments. Dividends received on treasury shares are eliminated on consolidation.

(g) Waardedaling van nie-finansiële bates

Die Groep bepaal op elke verslagdoeningsdatum of 'n aanduiding bestaan dat 'n bate se waarde gedaal het. As enige sodanige aanduiding voorkom, of wanneer jaarlikse toetse vir waardedaling van 'n bate verlang word, maak die Groep 'n raming van die bate se verhaalbare waarde. Die verhaalbare waarde van 'n bate is die hoogste van die bate of kontantgenererende eenheid se billike waarde min verkoopskoste en sy gebruikswaarde, en dit word vir 'n individuele bate bepaal tensy die bate nie 'n invloei van kontant genereer wat grootliks onafhanklik is van dié van ander bates of groep bates nie. Wanneer die drawaarde van 'n bate sy verhaalbare waarde oorskry, word die waarde van die bate verlaag tot die verhaalbare waarde. Wanneer die gebruikswaarde bepaal word, word die geraamde toekomstige kontantvloei tot huidige waarde verdiskonteer teen 'n voorbelasting-diskontokoers wat huidige markbepalings van die tydwaarde van geld en die risiko's kenmerkend van die bate weerspieël. Waardedalingsverliese van voortgesette bedrywighede word in wins of verlies erken in die uitgawekategorieë wat met die funksie van die verswakte bate ooreenstem.

Vir bates benewens klandisiewaarde, word 'n evaluering op elke verslagdoeningsdatum gemaak om te bepaal of enige voorheen erkende waardedalings moontlik nie meer bestaan nie of intussen verminder het. Indien sodanige aanduiding voorkom, word die verhaalbare bedrag geraam. 'n Voorheen erkende waardedaling word teruggeskryf slegs as daar 'n verandering was in die ramings wat gebruik is om die bate se verhaalbare bedrag te bepaal sedert die erkenning van die vorige waardedaling. Indien wel, word die drabedrag van die bate vermeerder tot die verhaalbare bedrag. Die verhoogde bedrag kan nie die drabedrag oorskry wat bepaal sou gewees het, na aftrekking van depresiasie, indien geen waardedaling van die bate in vorige jare erken is nie. Sodanige terugskrywings word in wins of verlies erken. Na so 'n terugskrywing word die depresiasiekoste in toekomstige periodes aangepas om die bate se hersiene drabedrag, min enige reswaarde, sistematies oor die oorblywende nuttige lewensduur van die bate toe te pas.

(h) Aflosbare kumulatiewe voorkeuraandeel

Die komponent van die kumulatiewe voorkeuraandeel wat kenmerke van 'n las toon, word as 'n las in die staat van finansiële posisie erken. Die ooreenstemmende dividende op hierdie aandele word as 'n rente-uitgawe in wins of verlies verreken. By uitreiking van die kumulatiewe voorkeuraandeel word die billike waarde van die laskomponent met behulp van koste van kapitaal bepaal, en hierdie bedrag word as 'n langtermynlas op die geamortiseerde kostebasis gedra totdat dit by omskepping of aflissing uitgewis word.

Die oorblywende bedrag na aftrekking van die skuldkomponent word erken en is ingesluit in aandeelhouersekuiteit netto van transaksiekoste. Die drabedrag van die ekwiteitskomponent word nie weer in daaropvolgende jare hermeet nie.

Transaksiekoste word toegedeel tussen die laste- en ekwiteitskomponente van die omskepbare voorkeuraandeel, gegrond op die toewysing van opbrengste tot die laste- en ekwiteitskomponente wanneer die instrumente aanvanklik erken word.

(i) Tesourie-aandele

Aandele in die Maatskappy wat deur die Groep gehou word, word as tesourie-aandele geklassifiseer. By konsolidasie word hierdie aandele as 'n aftrekking van die aantal uitgereikte aandele beskou en die kosprys van die aandele word afgetrek van die aandeelkapitaal en aandeelpremie in die staat van finansiële posisie. Geen wins of verlies word erken in die staat van omvattende inkomste by die aankoop, verkoop, uitreiking of kansellering van die Groep se eie ekwiteitsinstrumente nie. Dividende ontvang op tesourie-aandele word by konsolidasie uitgeskakel.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended 30 June 2011

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

(j) Provisions

Provisions are recognised when the Group has a present obligation (legal or constructive) as a result of a past event and it is probable that an outflow of resources embodying economic benefits will be required to settle the obligation and a reliable estimate can be made of the amount of the obligation.

(k) Retirement benefits

It is the policy of the Group to provide for pension liabilities by payments to separate funds, independent of the Group, and contributions are recognised in profit or loss. Surpluses are not accounted for, as they accrue to members of the fund.

Defined-benefit fund

The Group's net obligation in respect of defined benefit pension plans is calculated separately for each plan by estimating the amount of future benefit that employees have earned in return for their service in the current and previous periods, that benefit is discounted to determine its present value and the fair value of any plan assets is deducted. Actuarial valuations are done on the projected unit credit actuarial valuation method. When the benefits of a plan are improved, the portion of the increased benefit relating to past service by employees is recognised as an expense in the profit or loss on a straight-line basis over the average period until the benefits become vested. To the extent that the benefits vest immediately, the expense is recognised immediately in profit or loss.

Defined-contribution funds

Obligations for contributions to defined-contribution pension and provident plans are recognised as an expense in profit or loss as incurred.

Medical aid

The obligation in respect of post-retirement health care is the sole responsibility of the retired employee. Therefore there is no Group obligation or liability in this regard.

(l) Revenue recognition

Revenue is recognised to the extent that it is probable that the economic benefits will flow to the Group and the revenue can be reliably measured. Revenue is measured at the fair value of the consideration received, taking into account confidential discounts; distribution, sales and marketing services rendered; contract manufacturing; and rental income. The following specific recognition criteria must also be met before revenue is recognised:

Sales of products

Invoiced product sales are recognised as turnover, excluding value-added taxation.

Revenue is recognised when the significant risks and rewards of ownership of the goods have passed to the buyer. Revenue comprises invoiced gross sales of products, less discounts and provisions for product claims.

Services rendered

Revenue from the rendering of services is recognised at the stage of completion of the service.

(j) Voorsienings

'n Voorsiening word erken wanneer die Groep 'n huidige verpligting het (regs- of konstruktief) as gevolg van 'n gebeurtenis in die verlede, wat waarskynlik 'n uitvloe van ekonomiese hulpbronne sal veroorsaak om die verpligting te vereffen, en indien 'n betroubare raming gemaak kan word van die bedrag wat nodig is om die verpligting af te los.

(k) Aftreevoordele

Dit is die Groep se beleid om vir pensioenverpligtinge te voorsien deur betalings te maak aan afsonderlike fondse wat onafhanklik van die Groep staan en bydraes word in wins of verlies verreken. Surplusse word nie te boek gestel nie, aangesien dit aan die lede van die fonds toeval.

Omskrewevoordelefonds

Die Groep se verpligting ten opsigte van omskrewevoordele-pensioenskemas word afsonderlik vir elke plan bereken deur ramings te maak van die waarde van die toekomstige voordeel wat werknemers in die huidige en vorige tydperke vir hulle dienste verdien het. Hierdie voordeel word verdiskonteer om die huidige waarde te bepaal en die billike waarde van enige bates in die plan word afgetrek. Die aktuariële geprojekteerde eenheidskrediet-metode word vir aktuariële waardasies gebruik. Wanneer die voordele van 'n plan verbeter word, word die deel van die groter voordeel wat verband hou met diens deur werknemers in die verlede as 'n uitgawe in wins of verlies erken op 'n reguitlyn-basis oor die gemiddelde tydperk verreken totdat die voordele gevestig raak. Tot die mate dat die voordele onmiddellik vestig, word die uitgawe onmiddellik in wins of verlies erken.

Omskrewebydraefondse

Verpligtinge vir bydraes aan omskrewebydraepensioen- en voorsorgskemas word as 'n uitgawe erken in wins of verlies soos dit aangegaan word.

Mediese fonds

Die verpligting vir gesondheidsorg na aftrede is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die afgetrede werknemer. Die Groep het gevolglik geen verpligting of aanspreeklikheid in hierdie verband nie.

(l) Erkenning van inkomste

Inkomste word erken tot die mate dat dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele na die Groep sal vloei en dat die inkomste betroubaar gemeet kan word. Inkomste word teen billike waarde gemeet, na inagneming van vertroulike afslag; distribusie, verkope en bemakingsdienste gelewer; kontrakvervaardiging en huurinkomste. Daar moet ook aan die volgende spesifieke erkenningskriteria voldoen word voordat inkomste erken word:

Verkoop van produkte

Gefaktureerde produkverkope word erken as omset, uitgesluit belasting op toegevoegde waarde.

Inkomste word erken wanneer die beduidende regte en verpligtinge van eienaarskap van die goedere na die koper oorgaan. Inkomste sluit gefaktureerde bruto verkope van produkte min afslag en voorsienings vir produkteise in.

Dienste gelewer

Inkomste vir dienste gelewer word erken op stadium van voltooiing van die diens.

notes to the consolidated financial statements/ aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

